Die Nes / *The Nest*

(East Coast Foundation : Non-profitable Organization)

Groete uit die Nes, hoe geseënd en bevoorreg is ons nie om nog 'n jaar die hande van die Here te kan wees nie. Die Span is oorgehaal en reg om weer ons takies aan te pak vir 2018.

Ons het deur Desember gewerk want die nood is gewoonlik nog groter oor hierdie tydperk. Die vakansie is baie lank en dis nog moeiliker vir party gesinne om daardie tyd van die jaar kop bo water te hou.

Ons het wonderlike skenkings van ons Gemeentelede ontvang. Speelgoed, "puzzles", boeke en selfs twee fietse. Ek wil julle hiervoor spesiaal bedank, dit het groot vreugde in 'n hele klomp kinderhartjies gebring. Baie dankie weereens ook aan die gereelde skenkers van toiletware en klere.

Ons beplan groter dinge vir die Nes hierdie jaar en sal soos ons daarby uitkom julle op hoogte hou. Ons moet dit nooit uit die oog verloor dat ons nie net kospakkies uitdeel nie. Ons deel Jesus se liefde uit. Daar is mense wat so moedeloos raak en dink dat niemand meer omgee nie. Hierdie klein gebaar van 'n bietjie kos is 'n teken dat Jesus ons almal liefhet ongeag van ons finansiële of sosiale status. Hy sal altyd voorsien.

Dankie aan almal wat gedurende hulle vakansie hulle tyd opgeoffer het om te help by die Nes. Saam kan ons nog meer vermag.

Nes groete, Lena Pool